## KONTAKBESONDERHEDE


Kerkkantoor
Erna Schuite
028 435 6789
* suidpuntngkerk@gmail.com
Leraar
Ds Franziska Andrag-Meyer
082 055 8921
* andragmeyer@gmail.com
Koster
Elize Oosthuizen
060 884 4756


## BANKBESONDERHEDE

NGK Suidpunt
ABSA
Takkode: 334-412
Rek nr: 1780147276
Gee asb 'n verwysing, bv. Dankoffer

Hoe om **Mobipaid** te gebruik om geld in die kerk se rekening te betaal. STAP 1: Gebruik selfoon en gaan na jou kamera. "Scan QR Code" en klik op "mpaid.us" (LW NIE jou Bank QR code nie) STAP 2: Voltooi inligting op skerm a) Naam b) Bedrag. c) Klik op Visa/Master STAP 3: Voltooi kaartbesonderhede. Laastens: Jy kan dit "save" en volgende keer net naam en bedrag invul.
QR kode op binneblad.



## Gelukkige verjaardag

| | | |
|---|---|---|
| Christine | Fourie | 04/12 |
| Mona | Marais | 04/12 |
| Dirk | de Jongh | 04/13 |
| Bill | Skinner | 04/13 |
| Sarie | Visagie | 04/13 |
| Ina | Bester | 04/15 |
| Tiaan | Heyns | 04/15 |
| Jannie | Rossouw | 04/17 |
| Lilla | Wessels | 04/17 |
| Suzanne | Adendorff | 04/18 |
| Leona | Mostert | 04/18 |

### SKULPKONSTRUKSIE

**Saterdag 25 April**—Wil jy saam klim? 10 minute se opklimmery. Reserveer solank Saterdag, 25 April, dan stap ons saam. Ons kry mekaar by SPOOKDRAAI. Kontak Joanie by 072 5193170 vir navrae.

NG KERK SUIDPUNT
GOD IS ONS LIG

# BULLETIN

12 April 2026

## WELKOM!

**EREDIENSTYE**
08h30 L'Agulhas
09h30 Struisbaai
10h30 Kategese
Sinodale kollekte:
Bediening aan die Jode

**Maandag**
10h00 Projekte en Funksies

**Donderdag**
10h00 Alle versorgers kom byeen in L'Agulhas

**Vrydag**
07h30 Mannebybelstudie

**Sondag 19 April**
08h30 L'Agulhas
09h30 Struisbaai
10h30 Kategese
Sinodale kollekte:
Gemeentebediening

*Hoenderpasteie en bobotie te koop by die Kerkkantoor*

### Sinodale Deuroffer - Bediening aan Jode

In Kaapstad en omgewing, ook by Seepunt by name, word daar spesifiek uitgereik na Joodse mense en Joodse gemeenskappe, om die evangelie (goeie nuus) van Jesus se VERLOSSING aan hulle te verkondig. Die Simcha Bediening in Kaapstad hou optredes in gemeentes; gee toerusting aan lidmate en tree as fasiliteerders van ontmoetingsgeleenthede tussen Joodse Christene (Messiaanse Jode) en die breër kerk op. Hulle skakel ook met die Messiaanse Joodse gemeenskap en help hulle om 'n tuiste te vind by Beit Ariel Gemeente in Kaapstad. Bybelstudie, huisbesoek en eredienste vind plaas. Die historiese en geestelike band tussen die Christelike geloof en die Joodse volk word dikwels beklemtoon en spesifieke biddae word gereël om vir die werkers onder Jode te bid.

**Teksvers:** Ps127 : 1 - As die Here die huis nie bou nie, swoeg dié wat daaraan bou tevergeefs. As die Here die stad nie beskerm nie, waak dié wat dit beskerm tevergeefs.

## Ons bid vir...

1. WERKERS wat uitreik na Jode en Joodse gemeenskappe.
2. Die val van die saad op vrugbare grond.
3. Wysheid en ywer en die beskerming van werkers onder Joodse gemeenskappe.
4. Die oopgaan van nuwe ontmoetingsgeleenthede met Joodse jongmense.
5. Fred Matthee, wat gehospitaliseer is, vir spoedige herstel.
6. Soveel lidmate en hulle naasbestaandes wat gebuk gaan onder moeilike omstandighede.

## Doen & Deel

**DANKIE VIR:**

1. JOHN WILLIAM SHEPHERD & MANDE-MARI DARBY wat belydenis van geloof afgelê het.
2. Die opoffering van Christa-Marié, Karin & al die koorlede om gereeld te oefen en hulle getuienis by wyse van musiek en sang.
3. Almal wat deelgeneem het aan die simboliese voorstelling tydens PAASSONDAG se erediens.
4. Franco Meyer en Karin Michau wat met trompet en klavier 'n baie spesiale bydrae gemaak het tot die viering van Paasfees.
5. Die wete dat God, soos dominee Franziska dit gestel het, ons raaksien en ons op die naam ken en ons liefhet.
6. Die wins van R13 260.37 wat gemaak is met ons Damesoggend (High Tea). Dit word gebruik vir die herstel van geute by Struisbaaikerk.

## Vir ons kinders

**VIR ONS KINDERS - Pesach**

Die Joodse Paasfees, Pesach/ Pasga, herdenk die Israeliete se bevryding uit slawerny in Egipte. Dit is nie dieselfde as ons PAASFEES (wat die verlossing deur Jesus Christus en sy OPSTANDING herdenk) nie. Vanjaar het die PESACH op die aand van 1 April begin en tot 9 April geduur , terwyl die Christelike PAASFEES op 5 April was. Op die eerste aand van die fees eet die Jode spesifieke kossoorte. Kosse met simboliese waarde:

1. MATSOT (ongesuurde brood) - dit herdenk die Israeliete se vinnige uittog uit Egipte, so vinnig, dat hulle brood nie genoeg tyd gehad het om te kon rys nie;
2. HAROSET ('n mengsel van appels, neute en wyn) - wat verwys na die kleimengsel (dagha) wat gebruik is vir messel tydens die bou van piramides in Egipte;
3. MAROR (bitter kruie) - dit simboliseer die swaarkry van slawerny;
4. HARDGEKOOKTE EIER - die tempeloffer;
5. SOUTWATER - trane van die slawe;
6. NIE-BITTER WORTEL-GROENTE soos aartappels - harde werk as slawe;
7. LAMS-/ BOKBOUD - simbool van die lam tydens Paasfees.

Die geskiedenis van die Joodse Pasga, met gebede en reëls vir die Seder (eerste aand se spesiale ete) word voorgelees uit die Haggada, die boek wat Joodse gesinne en families gebruik op die eerste twee aande van die Paasfees.

SHALOM! VREDE!